

A 4.3.2 SUB-TAAKSPAN: KATEGESE

1. SAMESTELLING VAN DIE TAAKSPAN

Ds. Wynand van Niekerk (NG Monumentpark – Noordelike sinode) – Voorsitter
Ds. Annelet Slazus (NG Wellington-Oos, Bybel Media) – skriba
Dr. Nico Simpson (Hoof Publikasies en e-media by Bybelmedia)
Ds. Maartje van der Westhuizen (NGK Elarduspark – Oostelike Sinode)
Ds. Tienie Bosman (NG Stellastraat – Noordelike sinode)
Ds. Anandie Greyling (NG Doornkloof, Oostelike sinode)
Ds. Alex Clark (NG Op-die-Berg – Wes- en Suid-Kaap sinode)
Ds. Marileen Steyn (NG Saldanha - Wes- en Suid-Kaap sinode)
Ds. Fay van Eeden (NG Stellastraat – Noordelike sinode)
Ds. Anriette de Ridder (PSD – Wes- en Suid-Kaap sinode)

Die volgende lede was vroeër, tydens die verslaggewingstydperk, ook deel van die taakspan:

Ds. Johan Avenant (NG The Reeds – Noordelike sinode) – vorige voorsitter
Ds. Paul du Toit (Bybelmedia NGK)
Ds. Willy Julies (VG Kerk amptelike afgevaardigde)

2. ONS KYK TERUG

2.1 WIE IS ONS?

Die taakspan is met die jare verantwoordelik om gemeentes, in hulle omvattende bediening, te ondersteun om effektiewe kategeese (onderrig in die Woord en leer van die Kerk) aan hulle kinders en jongmense binne hulle eie konteks aan te bied. Hierdie verantwoordelikheid word uitgevoer, soos deur die Algemene Sinode van 2015 aan ons herbevestig:

Vorige besluite en opdragte van die Algemene Sinode / ASM

7.1 Die Algemene Sinode oordeel steeds dat Kategeese as 'n prioriteit van die Algemene Sinode beskou moet word.

7.2 Die Algemene Sinode volstaan met die samestelling van die huidige Taakspan en herbevestig hulle opdrag: om navorsing te doen, voorligting te gee en eietydse, relevante materiaal en ander hulpmiddels binne die raam van die gereformeerde teologie en belydenisskrifte van die NG Kerk te ontwikkel.

7.3 Die Algemene Sinode dra dit aan die Taakspan op om na te dink oor nuwe vorme van publikasie in ons digitale era.

7.4 Die Algemene Sinode spreek sy dank uit teenoor Bybelmedia vir die samewerkingsooreenkoms en ongelooflike ondersteuning wat hulle bied aan die Taakspan Kategeese om die kerk te dien om volhoubaar hoë kwaliteit produkte te ontwikkel, te produseer en beskikbaar te stel.

2.2 WERKSAAMHEDE VAN DIE TAAKSPAN

Die taakspan funksioneer in verskillende werkgroepe, wat materiaal onder die naam **JEUGFOKUS** ontwikkel. Die taakspan het verskeie reekse ontwikkel oor die afgelope tyd, wat geskik kan wees vir verskillende kontekste. Daar is drie uitgangspunte waaronder die materiaal ingedeel word:

- **Kennis-kategeese.** Kategeese wat fokus op Bybelkennis en inhoudelik verwys na die belydenisskrifte.
- **Keuse-kategeese.** Gemeentes het meer vryheid tot keuses van temas binne hierdie multi-dimensionele kurrikulum.
- **Tema-kategeese.** Kategeese wat fokus lewensfase probleme, temas en uitdagings van jongmense. Hier is ook verskeie kort kursusse.

Ontwikkel deur die Taakspan vir Kategese in samewerking met Bybel-Media.



As jy 'n kategese-keusegids vir jou Jeugwerker of kategesehoof wil gee, laai dit af by www.jeugfokus.co.za


Kategese-keusegids 2019



KENNIS-kategese
Bybelkennis en onderrig



KEUSE-kategese
Ontdekking en interaktief



TEMA-kategese
Kort kursusse oor onderwerpe



Letersgids beskikbaar vir al die Doerboeke en Gespreksgids.
Besoek www.jeugfokus.co.za vir meer inligting.



Vir meer inligting besoek ons by www.bybelmedia.org.za of skakel 0860 26 33 42 vir bestellings en 021 864 8281 vir navrae.

Vir in diepte inligting oor elke reeks, kan enige iemand die taakspan gerus nader. Hier volg kortliks 'n opsomming:

JUNIORS

Daar is in 2011 'n nuwe kurrikulum, wat oor ses jaar strek, vir die ouderdomsgroep graad 1-6 ontwikkel. Hierdie kurrikulum sluit aan by die LP3-benadering. Die LP3-benadering gebruik die Bybel as Handboek met lyne, panele, portrette, en prente as hulpmiddels. Dis waar die naam LP 3 vandaan kom. Dit verwys na die Storielyn van die Bybel (L yne) en na **3 P**-woorde: **P** anele [Elke korpus in die Bybel word met 'n paneel voorgestel], **P** ortrette [wanneer by spesifieke karakters stilgestaan word, word 'n portret van die karakter op die paneel geplak] en **P** rente [aan die onderkant van elke paneel wat drie tot vyf belangrike momente van daardie spesifieke korpus uitbeeld]. Die kinders ontvang wel 'n werkboek, wat hoofsaaklik gerig is op kreatiewe deelname en vaslegging.

Die eerste jaar se materiaal is reeds in 2013 in gebruik geneem. Hierdie materiaal is intussen voltooi en word soos volg uiteengesit:

- **Die Coolste Plan** - Oorsig, NT Markus, OT Abraham tot Josef
- **Wys my die Weg** - NT Lukas/Handelinge, OT Moses en uittoeg/ woestyn
- **Ene ore, nuwe maniere** - NT Matteus, OT Intog tot Rigters
- **Hier volg die nuus, geleef deur myself** - NT Evangelies en Handelinge aanvullend, OT Een ryk in Kanaan = Saul, Dawid, Salomo en profete
- **Wow, dis waar** - NT /Geloofsbydenis, OT Verdeelde Koninkryk en profete
- **So is U, en so is ek** - NT Johannes-geskrifte, OT Ballingskap, Gen 1-11, Terugkeer

SENIORS

Daar is in 2012 'n nuwe kurrikulum, wat strek oor vier jaar, vir die ouderdomsgroep gr. 7 -10, ontwikkel wat bekend staan as **Real lewe**. Die eerste jaar se materiaal is in 2014 in gebruik geneem. Hierdie reeks is voltooi en is die totale reeks ook hersien. Die hersiene materiaal poog ook om opnuut erns te maak met die digitale era en word saam met 'n gratis toep (App) uitgegee.

Elke jaar se materiaal bestaan uit 4 afdelings naamlik geloofsvenster-ontmoetings, oorsig oor die Woord-ontmoetings, ontmoetings oor aktuele temas en kerkjaarontmoetings. Die doel van Real lewe kan kortliks saamgevat word in drie elemente wat ons glo deel van jongmense se lewens behoort te wees: 1. om dit wat hulle glo te kan verwoord en daaraan vas te hou 2. om 'n etiese gedragskode te kan ontwikkel en daarvolgens besluite te neem en te lewe. 3. om hulle roeping te kan ontdek en daarvolgens te lewe.

HUISGELOOF

'n Belangrike nuwe fokusarea by die taakspan is die gesin wat vandag anders lyk en deeglik mee rekening gehou moet word. Die kategetiese is nie die enigste plek waar geloofsvorming kan of behoort plaas te vind nie. Ouers behoort in hulle geloofsontwikkelingstaak ondersteun te word

Die Taakspan is deurlopend besig om materiaal te ontwikkel wat gemeentes kan ondersteun om ouers toe te rus om verantwoordelikheid te neem as die primêre begeleiers van hulle kinders op hulle geloofsreis. Die vertaling van Mark Holmen se boek, Kerk + Huis, wat gemeentes begelei tot 'n holistiese implementering van geloofsvorming tuis, is in 2013 bekendgestel. Die volgende materiaal is sedert die vorige sinodesitting ontwikkel:

- **Ons huis oefen.** *Families glo saam.* Vestiging van gesonde geloofsgewoontes binne huise.
- **Ons huis vier.** *Families ontdek saam.* Hoe om geloofsmomente te benut.
- **Watermerk.** *Vorberei vir die doop.* 'n Doopkursus wat bou op sentrale simbole by die doop, naamlik water, doopklere, doopkers, olie (seëning) en kos (nagmaal). Hierdie simbole word by die sessie, in die erediens en op praktiese maniere by die huis uitgelig en in sommige opsigte gevier.

- Toekomstige huisgeloof materiaal:
- Hoe huise die Kerkjaar kan gebruik (2020 beskikbaar).
- Hoe om familiegewoontes soos kwaliteit tyd, gesonde konflik hantering te vestig (2021 beskikbaar).
- Reeks met 30 kindermomente vir eredienste (in proses).
- Ouerskapkursus (in proses).

ROETEMERKERS

Die Taakspan wil gemeentes bemagtig om lidmate te help om van lewensdeurgange roetemerkers te maak.

Tradisioneel is daar verskeie groot oorgange in 'n mens se lewe: geboorte, volwassewording, vind van 'n maat en die dood. Daar is ook ander oorgange wat in 'n mens se lewe 'n beduidende rol in terme van identiteit- en geloofsvorming kan speel: bv. verhuising, aftrede, en om die ouerhuis te verlaat.

Oorgange in 'n mens se lewe kan vergelyk word met die metafoor van 'n brug. Jy beweeg weg van die bekende oewer, gaan oor in 'n tussen-in-fase op die brug en beweeg af van die brug na die onbekende. Om oor 'n brug te beweeg kan beide opwindend en vreesaanjaend wees. 'n Mens voel egter veiliger indien daar 'n reling is om aan vas te hou. Oorgangsrituele is sulke relings. Wanneer hierdie oorgang betekenisvol is, raak dit 'n roetemerker.

Mens kan later in jou lewe na die roetemerker terugkyk as 'n identiteit vormende gebeurtenis, waarby God betrokke was. Die Taakspan het 'n boek, **Roetemerkers**, ontwikkel wat gemeentes liturgieë gee wat tydens lewensdeurgange gebruik kan word.

ANDER MATERIAAL

Buiten die bogenoemde, het die taakspan sedert 2015 die volgende boeke/kursusse/hulpmiddels gepubliseer:

- Kleuterkerk reeks, 1-3
- Kleuterpret
- Kinderpret Ou Testament en Kinderpret Nuwe Testament
- Hersiening van Doenboeke vir graad 1 tot 3
- Hersiening van Kategese rondtes vir graad 4 tot 6
- Tema materiaal: Kompas, Padkaart, Kruis-vergelyk, Beelddraers vir senior kategese
- Hersiening van kennis-kategese vir graad 7 tot 10

2.3 ONS IS DANKBAAR OOR:

2.3.1 WYE VERSKEIDENHEID MATERIAAL

Ons is dankbaar dat die taakspan die voorreg gehad het om deur verskeie jare 'n groot verskeidenheid materiaal te ontwikkel. Ons het gegroei tot op 'n punt waar ons regtig 'n diverse opsie van materiaal vir gemeentes met verskillende kontekste kan aanbied.

2.3.2 BYBELMEDIA

Die Taakspan kategese wil opregte dank uitspreek aan Bybelmedia. Bybelmedia maak die werksaamhede van die Taakspan moontlik. Bybelmedia finansier die vergaderings en ontwikkeling van die materiaal wat deur die Taakspan beskikbaar gestel word. Verder bied Bybelmedia 'n ruimte vir die Taakspan waarbinne hulle behoorlike teologiese en praktiese besinning, ondersoek en navorsing kan doen oor Geloofsvorming, kategese en selfs oor breër tendense in Jeugbediening.

3. INSIGTE UIT DIE WOORD, TEOLOGIE, NAVORSING

Jeugbediening behoort altyd binne die ruimte van geloofsvorming plaas te vind. Geloofsvorming is 'n intensionele proses waardeur die gelowiges begelei word om te groei in hul verhouding met God en dit sluit die meegaande verandering in lewenstyl in. Dit behels ontwikkeling van die gelowige se identiteit

en roeping in Christus. Geloofsvorming is eintlik ons deelname aan God se werk van genade in die gelowige se lewe.

Geloofsvorming by kinders en jongmense is dan 'n uitnodiging na, inisiasie in en begeleiding op 'n pad saam met God en vind primêr deur ouers en in vennootskap met die geloofsgemeenskap/ kerk plaas.

Op hierdie geloofspad het ouers die grootste invloed (positief of negatief) op die geloofsvorming van hulle kinders. Kategese is op hierdie pad die formele ruimte wat deur die kerk daargestel en gebruik word om, ter ondersteuning van die huis, geloof te ontwikkel, te ondersteun, te begelei en uit te daag tot 'n omvattende lewe van dissipelskap.

Om hierdie te bereik, ontwikkel die taakspan materiaal volgens die volgende 12 beginsels:

- **Ouers/huise dra primêr die verantwoordelikheid vir hul kinders/lede se geloofsvorming en gemeentes ondersteun hulle in die taak.**
- **Die primêre ruimte waarbinne geloofsvorming plaasvind, is binne verhoudings.**
- **Gemeentes skep en benut ruimtes soos bv. Kategese waarbinne geloof gevorm, ondersteun en uitgedaag word**
- **In geloofsvorming fokus ons op dissipel-wees en dissipel-maak.**
- **In geloofsvorming fasiliteer ons egte verhoudings met God, mekaar en die wêreld.**
- **In geloofsvorming ontmoet ons kinders en jongmense in hul leefwêreld (fase-sensitief).**
- **Geloofsvorming is afhanklik van toegeruste en versorgde geloofsvolwasse begeleiers wat geloofsgesprekke fasiliteer en deur voorbeeld lei en mentor**
- **In geloofsvorming staan God se Woord sentraal en ons kies om dit kontekstueel te lees**
- **Geloofsvorming moet altyd holisties (totale mens, totale leefwêreld, binne totale bediening) benader word.**
- **Geloofsvorming help gemeentelidmers om sisteemmatig oor die inskakeling van kinders en jongmense op alle vlakke van die bediening te dink.**
- **Geloofsvorming benut lewensdeurgange as mylpale of geloofsroetemerkers**
- **Geloofsvorming gaan vir ons uit van die breë Gereformeerde belydenis.**

4. HOE DAAG HIERDIE INSIGTE ONS UIT?

4.1 OM WEER HOOP VIR DIE TOEKOMS TE HÊ.

Tydens die 2015 sinodesitting het die Taakspan Kategese terugvoering gegee oor navorsing wat die Taakspan onder 260 gemeentes gedoen het. Die was een van die stappe in 'n groot proses van navorsing en ondersoek oor die toestand van kategese in die kerk. Daar is vele areas wat aandag kort en die taakspan meen dat daar 'n nuwe uitgangspunt moet wees, naamlik geloofsvorming gebou op die op genoemde waardes.

Dit is egter nie 'n eenvoudige reis nie. Die navorsing toon dat die uitdagings wat voor gemeentes se jeugbediening staan, is baie en kompleks. Van dalende jeug getalle, jeug wat slegs vermaak wil word tot groot werkloosheid onder jongmense in Suid-Afrika en verandering in taalmedium. Met al die uitdagings wat die jeug en die bediening aan die jeug gestel word, is dit maklik om op te gee op die jeug en selfs die toekoms van die kerk.

Vir die Taakspan pas geloofsvorming binne 'n breër Missionale ingesteldheid in. God stuur ons om geloof te vestig en te vorm in mense se lewens. Die geloofsvorming in jongmense se lewens is die fokusarea waarbinne die Taakspan Kategese werk.

Die taakspan kategese glo dat God steeds aan die werk is. Een van hierdie plekke is onder jongmense. Indien gemeentes nuut dink oor geloofsvorming onder jongmense in Suid-Afrika, kan dit werklik 'n ruimte raak waarby ons by God se werk betrokke raak. Daarom het die taakspan die volgende visie by die ons September 2018 vergadering geformuleer:

Building a robust future with youth.

4.2 DIENSBAAAR AAN 'N BREËR SUID-AFRIKA

Indien ons die bogenoemde ernstig wil opneem, moet ons besef dat die Here ons dus stuur om by jeug betrokke te raak. Dit is breër as die NG kerk. Die Taakspan het verteenwoordiging van die VGK gehad

en ook produkte wat wyer as die NG kerk verkoop word, maar hier bly 'n ruimte waarbinne die Taakspan kan groei. Die Taakspan sal graag met die volgende vrae wil worstel oor die volgende tydperk:

- Sou ons die huidige materiaal kon op kreatiewe maniere kan saamstel, sodat dit 'n breër Suid-Afrika kan bereik?
- Wie sou moontlike vennote op hierdie reis kan wees?
- Hoe kan die Taakspan gemeentes bemagtig om opgewonde oor die toekoms te raak?
- Watter nuwe drome en verhale is daar wat die Taakspan kan oorvertel en by betrokke raak?

4.3 OM DIE FILOSOFIE VAN GELOOFVORMING VERDER TE VERKONDIG

Die taakspan 'n groot verskeidenheid kurrikulums en hulpmiddels ontwikkel om gemeentes hiermee te help. Daar is egter 'n leemte in die bewusmaking en bemerking van die materiaal wat die Taakspan beskikbaar het. Een van die groot redes hiervoor is die beperkte kapasiteit van die taakspan. Verder verstaan talle gemeentes nie die filosofie of uitgangspunt van die materiaal waarmee hulle werk nie. Materiaal flop maklik indien mens nie verstaan wat die teologie, uitgangspunte en aanbiedingriglyne is nie en dit dan nie daarvolgens aanbied nie.

Ons meen dat daar eerder meer fokus om opleiding, bemagtiging en kommunikasie moet wees. Ons wil verder gemeentes aanmoedig om geloofsvorming binne die teologiese raamwerk van die Taakspan aan te pak. Ons wil gemeentes uitnooi. Hier is goeie materiaal, gebruik dit. Fokus dan eerder op vestiging van 'n geloofsvormingskultuur en -struktuur; die opleiding van kategete en jeugleiers en die vestiging van huisgeloof.

4.4 GEÏNTEGREERDE GELOOFVORMING

Dit raak vir die taakspan baie duidelik dat gemeentes meer geïntegreerd met geloofsvorming hoort te werk. Indien ons gemeentes wil help, moet ons gemeentes die ruimte gee om holisties met die bediening om te gaan. Daar hoort 'n teologiese en praktiese verband te wees tussen die erediens, kategetiese kleingroepe en huisgeloof wat op al vlakke lidmate ondersteun om geloof in hulle daaglikse lewens te integreer.



5. VERHELDER EN FOKUS

5.1 GEÏNTEGREERDE MODEL

Die taakspan beplan 'n nuwe geïntegreerde model wat reeds aan die ontwikkel is. Hierdie gaan 'n ses jaar model wees, wat geloofsvorming holistiese band trek tussen die erediens, huisgeloof en al die kategetiese kleingroepe. Vir die erediens gaan daar preekhulpmiddel bv. eksegetiese riglyne saam met die teksvoorstel(le) wees. Dieselfde teks gaan gelyklopende aangewend word in die kleuterkerk, Laerskool en Hoërskool kategetiese. Gesinne kan dan tuis op 'n relevante manier weer na die teks / tema kyk. Dit maak dit maklik vir kleiner gemeentes wat graadgroepe moet saamvoeg. Eredienste kan ruimte

maak vir teologies deurdagte kindermomente wat deel van die erediens kan vorm. Gemeentes met jeugdiesdienste kan maklik hierdie materiaal vir daardie dienste aanwend.

Ons het deeglik begrip dat die inhoud en samestelling van eredienste uiteenlopend anders in verskillende gemeentes lyk. Ons beseft ook dat sekere temas vir bepaalde ouderdomsgroepe relevant en nodig is, terwyl dit nie op almal van toepassing is nie. Ons beseft ook dat mens ruimte vir die kreatiwiteit van die Heilige Gees moet laat. Hierdie materiaal gaan 'n ruimte probeer skep vir die holistiese benadering wat dit moontlik maak. Dit gaan 'n lewendige materiaal was wat ook intern hersien word om relevant te bly. Dit help gemeentes om kerkwees te omarm op 'n manier waar lidmate in geloofsvorming bemagtig word. Waarmee is ons besig:

Om gemeentes te ondersteun in geïntegreerde geloofsvorming, sodat geloof uitgeleef word.

5.2 BEMAGTIGING

By verskeie vorige sinodes word die jeug as 'n prioriteit bestempel. Ons wil hierdie punt bestempel. Die jeug en die uitdagings wat jongmense in Suid-Afrika trotseer, moet 'n belangrike fokusarea van die kerk bly. Die jeug is die "kerk van die toekoms," maar ook volledig deel van die "kerk van vandag." Ons moedig die sinode aan die jeug as 'n prioriteit te behou, maar nog 'n verdere tree in hierdie verband te gee.

Ons gee erkenning aan die werk wat die Taakspan Geloofsvorming Jeug verrig het. Ons bedank die Algemene Sinode dat hierdie span in die lewe geroep het. Die Taakspan Kategese het die laaste paar jaar as 'n subspan van Geloofsvorming Jeug gefunksioneer. Die aanvanklike tydperk van hierdie span kom nou tot 'n einde. Die Taakspan reken dat hulle werk met meer kapasiteit voortgesit kan word. Ons begryp die praktiese en finansiële uitdagings in die verband, maar versoek die Algemene Sinode om aan kreatiewe oplossings te dink, waarop ons die nodige prioritering aan die Jeug kan toestaan.

5.2 HOE VAL ONS IN BY GOD SE WERK?

Ons glo dat God ons stuur om voort te gaan met die geloofsvorming aan jeug binne die NG Kerk en NG kerkfamilie, maar ook aan die jeug in die algemeen. Ons reken dit kan plaasvind met die volgende bemagtiging:

- 5.3.1 Die Algemene Sinode oordeel steeds dat Kategese as 'n prioriteit van die Algemene Sinode beskou moet word.**
- 5.3.2 Die Algemene Sinode wys 'n Taakspan aan om navorsing te doen, na te dink oor eietydse, relevante materiaal en ander hulpmiddels binne die raam van die gereformeerde teologie en belydenisskrifte van die NG Kerk te ontwikkel.**
- 5.3.3 Die Taakspan Kategese hoort gemeentes te ondersteun in geïntegreerde geloofsvorming, sodat geloof geleef word.**
- 5.3.4 Die Algemene Sinode versoek die Taakspan Kategese om na te dink oor nuwe vorme van publikasies in die digitale era.**
- 5.3.5 Die Algemene Sinode moedig gemeentes aan om, wanneer hulle kategesemateriaal kies, die raamwerk van die Taakspan Kategese as riglyn te gebruik.**
- 5.3.6 Die Algemene Sinode betuig groot dank aan BybelMedia vir die samewerkingsooreenkoms en groot ondersteuning wat hulle bied aan die Taakspan Kategese.**
- 5.3.7 Die Algemene Sinode ondersoek moontlikhede waarop die werksaamhede van die Taakspan Geloofsvorming Jeug voortgebou kan word.**
- 5.3.8 Die Algemene Sinode ondersoek moontlikhede waarop die Taakspan Kategese se kapasiteit vermeerder kan word, sodat die Taakspan Kategese gemeentes kan ondersteun in geïntegreerde geloofsvorming.**
- 5.3.9 Die Algemene Sinode begroot genoegsaam vir die werksaamhede van 5.3.6 en 5.3.7**